

27 Desember

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 4:13-18  
Fokusgedeelte: NGB, Art 37

### Christus se terugkoms – die dooies staan op

Het jy geweet grafstene is eintlik engelestoete? Van Jesus se graf lees ons (Matt 28:2): “’n Engel van die Here het van die hemel af gekom, na die graf toe gegaan, die klip weggerol en daarop gaan SIT.” Hierdie wonderwerk sal op die dag van Christus se terugkoms waar word vir elke graf. Elke grafsteen sal weggerol word en die dooies sal uit die graf opstaan.

Kan jy jou die vreugde van daardie dag voorstel! In daardie stil begraafplase, waar baie keer net ’n duifie in die sipresse kir, sal die helder stem van die leier van die engele en die geluid van ’n hemelse trompet weergalm (vers 16). Daarna, eers saggies soos ’n rivier wat in die woestyn afkom, maar wat aangroei en aangroei, sal dit op daardie stil plekke al meer begin wemel en jubel en juig en JUIG! Geliefdes sal mekaar omhels, dierbares mekaar groet en die engele sal op die grafstene sit en oopmond saamlag!

Maar wees voorbereid op nog GROTER blydschap, blydschap oor die persoonlike teenwoordigheid van ons Here en Verlosser, Jesus Christus! Die hele onbeskryflike opstanding gebeur, terwyl Hy uit die hemel neerdaal, in die lig van die heerlijkheid, krag en oorwinning wat van Hom afstraal! Terwyl sy heerlijkheid en liefde ons omvou word ons, amper onmerkbaar saggies, deur wolke opgelig, die Here tegemoet (vers 17).

Soveel wonderlike dinge sal ons op daardie dag belewe. Nooit sal jy omdraai om iets van hierdie heerlijkheid met jou maat te deel, en hy/of sy is nie daar nie. “Saam,” sê ons Skrifgedeelte, “altyd” saam (vers 17). Die ewige hemelse vreugde is ’n gedeelde vreugde! Gedeelde vreugde is dubbele vreugde!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*